Verklaring oor Swart Boerboele

Bron: Johan van Wyk, Genetikakomitee, SABT Raad
Datum: 23 Januarie 2009

Dit blyk dat daar tans onsekerheid in Boerboel geledere is oor die SABT se standpunt oor Swart Boerboele.

Dit is belangrik om nie die kwessie van Swart Boerboele en die Ontwikkelingsregister te verwar nie. Die grondrede vir die inwerkingstelling van die Ontwikkelingsregister is om ‘n deur oop te hou vir die registrasie van verlore en/of nuwe Boerboelbloed. Hierdie sisteem is streng genoeg om die huidige genepoel teen kontaminasie te beskerm.

Daar is geen verskil tussen die kwessie oor swart of wit nie. Ons beskryf of aanvaar nie wit honde in die standaard van uitnemendheid nie, maar ons sluit hulle ook nie uit nie. By wit honde is pigmentasie gewoonlik die hoofoorweging, maar die keursisteem sal dit aanspreek. Swart hare in die Boerboel is eintlik baie gesog. Hoeveel mense verkies nie ‘n swart masker bo geen masker nie? Daar word dus reeds vir die swart haarkleur voorsiening gemaak. Ons aanvaar ook 50% swart of selfs meer, in sommige donker briekwahonde. Daar is voldoende bewyse van die moontlikheid dat swart in honde van die aanvaarde kleure sal manifesteer – die kanse word selfs groter wanneer hulle deur briekwahonde gedek word.

Die SABT aanvaar nie swart as ‘n kleur nie – daar is drie aanvaarde kleure, naamlik enige skakering van geel, bruin of briekwa. ‘n Bonthond word aanvaar as ‘n variasie van bruin, geel en selfs briekwa. Swart word dus as ‘n variasie van briekwa beskou. Dan is daar ook die vraag oor kruisings (Rottweiler, ens). Die vereistes van die keursisteem sal voorsiening maak vir diskwalifikasie in sodanige gevalle. Persoonlik beskou ek dit nie as ‘n probleem nie – die gehalte van die hond en nie die kleur nie, is die hoofoorweging. Die funksionaliteit berus by pigmentasie en nie haarkleur nie.

Ek dra geen kennis van swart honde met die nodige dokumentasie vir SABT-registrasie nie. Daarom sal hulle deur middel van die Ontwikkelingsregister hanteer word.

Ter opsomming – swart is nie ‘n SABT-erkende kleur nie. Dit word bloot aanvaar as’n variasie van die swart in Briekwa.